



MINI REEKS: KAT EN HOND TEOLOGIE – Deel 2



DINK EN GESELS SAAM OOR DIE VOLGENDE VRAE EN ONDERWERPE:

1. Katte se self-gefokusde teologie is nie noodwendig *onwaar* of *verkeerd* nie, maar verseker *onvoltooid*. Hul sou bv. baie maak van die feit dat Jesus vir hulle sondes gesterf het, maar baie min klem lê op die feit dat die kruisgebeure juis 'n oorvloedige lewe (Joh. 10:10) moontlik maak waarin God verheerlik kan word.

Rom 15:9 “Hy (Jesus) het ook gekom sodat die ander nasies God ... sou verheerlik...” (Afr83)

Hoe kan ons dit regkry om in alle aspekte van ons geloofslawe verder te dink as bloot dié dinge waaruit ons voordeel trek uit God se hand? Een voorbeeld van 'n antwoord: “Wanneer ek die Here se seën intiem ervaar, kan ek myself afvra hoe ek dit kan inspan sodat hierdie seëninge tot eer van God dien.”

2. Kyk gou na die bekende vers regs. Die “sodat” dui vir ons aan dat dié wat volg die rede weergee van die vorige gedeelte. Dit sê vir ons dat Christus se koms 'n tweevoudige doel het vir “dié wat in Hom glo”...

- dat hulle nie verlore sal gaan nie (gered *van*)
- dat hulle die ewige lewe sal hê (gered *vir*)

Ons is dus gered *van*, maar **ook** gered *vir*. Die hartseer is dat talle gelowiges nie beseef dat hulle ook gered is *vir* iets nie. **Hoe sal jou lewe anders lyk as jy doelbewus leef vir dit (Dit) waarvoor jy gered is en nie noodwendig slegs vir dit waarvan jy verlos is nie?**

Joh. 3:16 God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

3. Met die inhoud van hierdie mini-reeks in jul agterkoppe, beoordeel die agterkant van die volgende boekie. Baie van ons het hierdie boekie iewers op ons boekrakke. Gesels lekker saam oor die indrukke wat jul kry van die tipe teologie van die skrywer. (Hou ingedagte dat hierdie maar net 'n interpretasie van 'n spesifieke skrywer is rakende 1 Kron. 4:10)

An Unknown Bible Hero, His Simple Prayer, and How It Can Change Your Life

If you're ready to live life beyond limits and reach for the extraordinary, join Bruce Wilkinson as he explains how one simple daily prayer can help you leave the past behind – and break through to the extravagantly blessed life you were meant to live.

Since it was first released more than ten years ago, *The Prayer of Jabez* has impacted millions of people from virtually every walk of life.

Now you can discover how the remarkable prayer of a little-known Bible hero can release God's favor, power, and protection in your life today.

“My friend Bruce Wilkinson knows how to preach the Scriptures, and this message is one of Bruce's life messages. Read it – I promise you won't be disappointed!”

– DR. DENNIS RAINEY, president of FamilyLife

4. Hier is vir jul as groep (of vir jou as individu) 'n interessante en verrykende uitdaging:

As omgeegroep: Wanneer jul vandag jul gebedsversoeke vir mekaar deurgee, sit 'n sin aan die einde van elke versoek by wat verduidelik hoe verhoging van die betrokke gebedsversoek tot eer en verheerliking van God sal lei.

As individu: Skryf jou gebedsversoeke op 'n papier neer. Vra jouself af hoe die verhoging van die dinge op jou lysie, jou sal help om God te eer.

Voorbeeld: “Bid asb. vir my gesondheid. As ek gesond voel/is, is ek my ou borrelende self. Dan loop ek oor van die vreugde wat ek in God vind”.